Om Hom Op Te Hef Uit Die Geskiedenis

Dankie, Broer Neville. Goeienaand, vriende. Dis beslis 'n . . . Ek beskou dit 'n groot voorreg, om hier te wees by die tabernakel, vanaand, om weer 'n vyf–aand reeks dienste te begin. Dit was 'n geruime tyd vandat ek laas 'n herlewing hier by die tabernakel gehad het. Ons het dit nooit aangekondig in die koerante, of enigiets nie, net omdat ons geweet het ons sal nie genoeg sitplek hê om die mense te laat sit nie, omdat dit klein is, en ons sitplek baie min is. Maar ons sal net alles doen wat ons kan om te akkomodeer. Ons sou die hoërskool gimnasium hier kry, en ons sou dit adverteer, maar dis nou in skooltyd, en dis soort van moeilik om dit in die hande te kry.

2 En ek sal binnekort vertrek, glo ek, vir my sendingreise ensovoorts, oor die seë. En ek wou net bymekaarkom om 'n bietjie gemeenskap te hê met al die mense voor ons weer oorgaan.

3 Julle weet, ons vergader, keer op keer, en eenkeer gaan ons vir die laaste keer vergader. So ons—ons wil net so goed soos wat ons kan, bybly by die Here en by Sy Woord, en soos ons Sy Woord Ditself sien onthul, dag na dag, dag na dag. Ek het gedink dit sou goed wees as ons 'n—'n klein byeenkomsie hier hou, en dan sou ons vir die siekes bid.

4 En daar is vir my gesê, 'n tyd gelede, deur 'n visioen wat die Here my gegee het, omtrent 'n jaar gelede, reken ek, of miskien 'n bietjie langer. Ek het dit uitgeskryf in 'n boek by die huis, van 'n verandering van 'n bediening. En baie van julle mense wat hier sit . . . Ek sou nie sê baie nie. Maar onthou toe ons eers hierdie tabernakel gebou het, julle onthou die visioen wat gekom het die oggend wat ons die hoeksteen daar gelê het, toe Hy gesê het: "Hierdie is nie jou tabernakel nie." Maar Hy het my onder die hemele neergesit en gesê, my die verskillende dinge vertel wat sou plaasvind. As julle weet, kyk julle hoedat dit plaasvind net presies soos dit gesê is. Sien? En dit was altyd so. So, daarom, rus ek met die versekering dat wat Hy sê, dit God is, en dit moet waar wees.

5 En dan 'n tyd gelede, was ek in 'n visioen en ek het 'n—'n groot tent gesien. O, dit was 'n yslike, groot affêre. En ek het net pas gepreek, en baie siele was by die altaar, en het net soort van gehuil met hulle hande op, stilweg en saggies. 'n Gawe sagsprekende man het uitgekom na die platvorm en gesê: "Nou gaan hulle die gebedsry vorm terwyl Broer Branham gereedmaak." En ek het aan *daardie* kant gestaan, natuurlik, die gebedsry sou

aan my linkerkant wees. En ek het 'n skare mense opgelet wat omtrent 'n stadsblok of meer sou vul, wat in die ry gestaan het. Daar was 'n klein geboutjie, 'n houtgeboutjie, binne–in hierdie tent. En daar het 'n vrou daar gestaan, 'n man, een wat name neergeskryf het, en mense het ingegaan op krukke en draagbare, en aan die ander kant uitgekom, en geloop. Wel, ek het gewonder wat alles plaasgevind het daarbinne. En toe het die Engel van die Here, Wie se foto julle hier sien, Dit het van my af weggegaan, en regoor daardie geboutjie gegaan, en daar gestaan, toe afgegaan. En 'n Stem het gespreek, en gesê: "Ek sal jou in daardie plek ontmoet." Wel, nou, ek het uitgesien na daardie tyd.

6 Ek was af, 'n tyd lank nou, gerus, as gevolg van oorwerking. Ek het teruggekom.

7 En verlede naweek, het ons 'n bietjie, soort van 'n kerkdoktrine vir drie aande gehad hier. Dis, verlede Saterdagaand, Sondagoggend, en Sondagaand, voor hierdie diens. Soort van die kerk in kondisie geskud, sodat ons kon voortgaan met hierdie diens wat nou opkom. En dan onmiddellik hierna, sal Sondagaand my afskeidsaand wees van die tabernakel vir 'n lang tyd, sover ek weet. En nou . . .

8 En ek hoop en vertrou God, dat een of ander tyd gedurende hierdie week, dat ek hierdie klein kamertjie hier oorkant wil gebruik vir 'n gebedskamer. En wil die siekes en beproefdes inneem, en kyk of Hy my sal ontmoet, en weer by die tabernakel sal begin, met die nuwe bediening. Ek sou regtig daarvan hou om te sien dat dit gedoen word. Ek weet nie wat dit is nie, my vriende. Ek het geen idee wat dit sal wees nie. Maar Hy Wat nou luister, ek vertrou dat dit nog iets sal wees om Sy arme, siek, lydende kinders van hierdie dag te help. Ek het Hom belowe dat ek getrou en lojaal sou wees, en meer lojaal sou probeer wees as wat ek met die ander gawes was wat Hy gegee het. En as dit sou gebeur, sal dit net so werklik wees as wat die ander was. Nou, daardie ander gawes is nog net so sterk as wat hulle altyd was. Sien? Maar ek sien uit na iets nuuts om nou te gebeur, en ek hoop dit vind hier plaas. Nou, ek het gedink, miskien sou ons vanaand preek en kyk hoe ek gevoel het.

9 En nog iets wat ek wou doen, ek wou probeer uitvind, wanneer ons die eerste keer ingaan, of ek my vrou daar kon instuur, en haar by my kon laat wees as dit die eerste keer afkom, om te kyk of dit so sou wees. Indien nie, dan, deur vroue deur te neem, sal ons hulle twee op 'n slag neem, twee vroue op 'n slag, wat deurkom. So ek sê nie dit sal op een van die twee maniere werk nie; net sodat julle sal weet, want dis alreeds gesê dat ons uitsien na iets nuuts om te gebeur, en ons is. Maar ek sê nou nie Hy het vir my gesê dit sal gebeur nie. Waar ek in die visioen gesien het, was dit in 'n tent. Maar, natuurlik, dit mag enige plek gebeur, enige tyd, so ons sien uit daarna.

10 Nou gaan ons probeer om julle vroeg te verdaag. Die sangdiens, 'n halfuur, en die preekdiens, en die altaardiens, ensovoorts, omtrent een uur, wat 'n uur-en-'n-half sal maak, sodat die mense wat staan, nie sal krampe kry nie; en môre-aand sou terugkom.

11 Nou, net voordat ons hierdie salige ou Woord oopmaak. En ons sal julle verseker, ons sal nooit enigiets sê wat buitekant Dit is nie, want Dis die fondament. En voor ons dit doen, laat ons net ons hoofde buig, 'n oomblik, vir 'n woord van gebed.

12 Dierbare God, soos ons vanaand in U Teenwoordigheid staan, met die besef van ons swak gestalte, dat ons net die stof van die aarde is. U het ons voortgebring as lewende wesens, om U te eer en verheerlik. En ons besef dat ons lewens en ons bestemming in U salige hande lê. En ons het onsself toevertou, deur geloof, in U hande, in die hoop dat ons Ewige bestemming vir ons gegee sou word, om vir altyd in 'n beter wêreld saam met U te leef, waar ons nooit gebed vir die siekes en die behoeftiges sal hê nie. Daar sal nooit 'n traan van 'n wang afval nie. Daar sal nooit 'n—'n swak, geplooide persoon ooit opkom nie. Maar ons sal jonk wees daar, vir altyd, en die heerlikheid van God sal op ons wees. En ons sal geen genesing nodig hê nie, want ons sal Ewiglik genees wees, vir altyd. Wanneer hierdie skepsel, wat ons nou is, verander sal word en in 'n liggaam soos Sy eie verheerlikte liggaam gevorm sal word, dan sal ons Hom sien soos Hy is. Totdat daardie salige uur arriveer vir elkeen van ons wat kom, wil ons graag elke poging aanwend waarvan ons weet, om U groot Naam te verheerlik, met soveel geloof as wat U ons gegee het.

13 Dis op die vooraand van hierdie klein byeenkomsie hier in hierdie klein herdenkingsplekkie, ter nagedagtenis aan die eerste herlewing wat ons hier gehou het. En die groot, magtige werke wat U ons gewys het deur U groot, magtige hand. Van hier af het 'n herlewing versprei na elke nasie. En vanaand brand herlewingsvure op die heuwels rondom die wêreld, en mans en vroue word genees van hulle siektes en kwale, en kom om bekend te word met die ware en lewende God. O Here God, stort uit U Gees op ons vanaand, Here, op grootmaat.

14 En as dit U so behaag, Here, as dit in U Goddelike program is, sou ons vra, O God, dat U in hierdie gebou hierdie nuwe gawe sal laat werk, dat diegene wat agtergebly het, van die velde, en gebedsstryders was, hulle mag sien, vir die eerste keer, die groot hand van Jehova wat op hierdie nuwe manier beweeg (Skenk dit, Here.), en deelgenote wees van die vrugte. Ons vra net nederig dat dit hier toegestaan sou word, in die wete dat dit iewers sal wees, omdat ons voel dat dit in U groot voorsienigheid is om so te maak.

15 Seën ons nou, Here, soos ons die blaaie van die Boek omblaai, U salige heilige Woord. Mag ons geeste oop wees om dit te

ontvang, Here. En wanneer die dienste vanaand afgesluit word, en ons gaan na ons verskillende tuistes, mag ons sê soos hulle wat van Émmaüs gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, vanaand, toe Hy met ons langs die pad gepraat nie?" Want ons vra dit in Sy Naam en tot Sy eer. Amen.

16 Vanaand het ek gekies, net as 'n Skriflesing, 'n paar verse, as julle soontoe wil blaai, na die Boek van Konings, Een Konings, en die 18de hoofstuk van Een Konings. En ek wil begin lees vanaf die 17de vers. En ek wil dan neem, as 'n teks: *Om Hom Op Te Hef Uit Die Geskiedenis*. Nou, julle wat dit neerskryf, ek mag dit weer aanhaal: *Om Hom Op Te Hef Uit Die Geskiedenis*. Nou die 17de vers van die 18de hoofstuk van Een Konings.

> *En toe Agab Elía sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou beroerder van Israel?*
>
> *Toe sê hy: Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die* HERE *verlaat het en agter die Baäls aan geloop het.*
>
> *Stuur dan nou, laat die hele Israel by my bymekaarkom op die berg Karmel, ook die vierhonderd–en–vyftig profete van* Baälim, *en die vierhonderd profete van Asjéra wat aan die tafel van Isébel eet.*
>
> *En Agab het gestuur onder al die kinders van Israel en die profete op die berg Karmel bymekaar laat kom.*
>
> *En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die* HERE *God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na. Maar die volk het hom niks geantwoord nie.*

17 Ons staan vanaand op die rand, en sien twee groot tonele plaasvind, en ontvou. En daardie twee groot tonele is hierdie: een van hulle is die einde van geskiedenis, en die ander een is die einde van tyd. En baie groot manne, af deur die eeue, het verlang om hierdie uur te sien wat ons nou benader. En soos ons lewe in hierdie salige ondergang van die sterflike son en die breek van die Ewige Lig, voel ek wel dat ons lewe in een van die grootste eeue wat die mense ooit toegelaat is om in te lewe, want dis die afsluiting van tyd en die samesmelting met Ewigheid. Geskiedenis vertel ons net wat ons gelees het, wat was. En wat in die toekoms is, lê in die hand van God. En ons vind uit, vandag, dat daar nie te veel geskiedenis geskryf word nie, omdat ek nie dink dat dit ooit gebruik gaan word nie.

18 Albei hierdie groot gebeurtenisse het in vlak water beland. Byvoorbeeld, die. . .Hoe ons die nasionale krisis uitloop. En die nasionale veiligheid beland in vlak water. Aan die rondreis, oor die wêreld, blyk dit nie net ons volk nie, maar dat daar geen volk is wat weet wat om te maak nie. Lyk asof daar oral oproer is. Ek gaan in Afrika in, hulle is almal bang vir 'n opstand onder die mense, en kommunisme wat deur die land trek. Ek gaan in

Switserland in, net dieselfde. En al die ander volke wat ek besoek het, lyk dit asof daar 'n versteuring van vrede oral is.

19 Nou julle weet, ons Here het voorspel so 'n tyd sou kom, dat daar sou wees: "onmin onder die nasies, in hulle radeloosheid, benoudheid van nasies."

20 En ons het alles probeer wat skynbaar menslik moontlik is, om dit net 'n klein bietjie langer te laat hou. Maar ek glo dat ons net opdroog. Ek glo nie daar is enigiets anders wat ons daaraan kan doen nie. Ons is net aan die einde daarvan. Ons het probeer vir 'n tydjie, om konings te hê, en hulle wou nie werk nie. Toe het hulle demokrasie probeer; dit werk nie. En toe het ons probeer . . . Hulle het diktators probeer, en dit werk nie. En elkeen raak skynbaar net 'n bietjie vlakker, elke keer. Nou staan ons by die groot oomblik wanneer enigiets kan gebeur. Dit kan verby wees, binne die bestek van vyf minute, dat elke volk verpoeier kan word.

21 En as ons by daardie tyd is, waar behoort die Kerk te wees? 'n Groot krisis!

22 Dan, ook, ons het 'n huislewe krisis. Dit lyk asof die huislewe in vlak water beland het. Dit was altyd in 'n huis, dat vader, die hoof van die huis, in die oggend sou gaan sit, en hy sou met sy familie praat, en hulle sou almal die ou Familiebybel uithaal en net 'n bietjie lees, en—en almal om die tafel vergader en bid. Jy sien dit nie meer nie. En wanneer die dag verby was, en ma het die skottelgoed klaar gewas, sou hulle almal saam vergader en nog bietjie uit die Bybel lees, en bid voor slapenstyd.

23 Jeugmisdaad was beslis 'n—'n rariteit om te vind in daardie dae. Die seuns het almal lande toe gegaan om te werk. En die meisies het vir ma gehelp met die wasgoed, onder by die stroom. Maar, vandag, druk ons net 'n klein knoppie en die skottelgoed is alles klaar. En ma is in die motor en weg na die kaartpartytjie, of buite aan die rinkink in die strate. En—en die—die werk word deur 'n trekker gedoen en ons het net niks behalwe 'n klomp lui, ledige mense nie.

24 En huislewe word so afgeskeep, totdat die Bybel weggepak is, dat hulle sou moes soek vir 'n uur om een te kry, in baie huise in Amerika. Hulle gaan kerk toe op Sondagoggend vir hulle godsdiens, vir omtrent twintig minute. En as die pastoor omtrent dertig minute neem, word hy voor die raad geroep. Wat is dit? Huislewe droog op.

25 Dit was altyd dat vader en moeder mekaar liefgehad en geëer en gekoester het. En wanneer sy oud en grys was, en geplooi, en haar arme ou gesig opgetrek was, en haar bril afgehang het oor haar neus, het pa haar net so lief gehad soos hy het toe sy jonk en mooi was.

26 Maar, vandag, ek bedoel nie om krities te wees nie, maar wanneer sy 'n bietjie oud word, ruil hy haar net vir 'n nuwe

model. Dit is blykbaar so, soos om motors te ruil of iets. Dit is blykbaar dat daardie ware familie liefde nie meer bestaan nie. Iets het net gebeur, huislewe droog op. Ons het nie meer die ou Amerikaanse huis soos ons dit altyd gehad het, lang jare gelede nie.

27 Daar's nog iets wat ek graag wil sê, wat nog 'n ding is wat opdroog, vriendskap is aan die opdroog. Dit blyk dat ons nie meer die vriende het wat ons altyd gehad het nie. En die vriende wat ons het, is nie getroue vriende soos hulle altyd was nie. Dit was altyd, ek kan onthou, wanneer iemand siek geword het in die buurt, dat almal gekom het en hulle gehelp het met al hulle werk, en 'n handjie bygesit het met enigiets wat gedoen moes word. Heelnag by hulle gewaak op 'n keer. Soos ek dikwels gesê het, dis die waarheid, ons weet skaars die buurman is dood voor ons dit nie in die koerant sien nie. Vriendskap!

28 Pappa het die sleutel van die huis, en mamma het 'n sleutel. En hulle is albei uit en weg, helfte van die nag. En die kinders, hulle weet nie waar hulle is nie. En die kleintjies is by die baba-oppasser. En dis hoe die lewe gelei word.

29 Weet julle die Bybel voorspel al hierdie dinge? So wat is dit dan? Dis dat ons in 'n posisie is waar ons al hierdie dinge sien opdroog.

30 Kom ons vat kerklewe. Daar is waar dit alles begin het. Kerklewe droog op. Die mense neem net die kerk, vandag, amper as 'n afgod, soos 'n totempaal. Gaan sit in die kerk, vyf minute, en: "Ek het my godsdiens beoefen." Betaal jou klein bydraetjie in, wat dit ook al is, om die pastoor te betaal. Hulle dit nie volmaak nie; sal hulle 'n klein aandetetjie hou, en dit volmaak vir die pastoor. En as hy nie tevrede is nie, gaan hy iewers heen waar hulle vir hom 'n beter loon gaan betaal. Lyk asof die pastoor nie meer Goddelik geroepe is nie. Lyk net asof dit 'n etekaartjie begin word het vir die pastoor. Dat, die mense wat hom die meeste geld aanbied, daarnatoe gaan hy. Dit behoort nie so te wees nie.

31 Dit behoort te wees dat 'n man geroep is deur God na 'n gemeenskap. En as hy moet lê soos Elía het, bo–op die berg, by die spruit Krit, en verwag dat die kraaie hom voed, behoort hy te bly totdat sy Goddelike sending voltooi is. Maak nie saak of hy 'n pennie kry, of nie, dit behoort die roeping van God, eerste te wees.

32 Maar, dit, blykbaar, het dit verander na die roepstem van geld, of 'n groter posisie en iets van daardie aard, of om 'n gewilder persoon te word en 'n groter kerk, of so-iets soos daardie.

33 En dan die kerk, daarbinne, hulle het toegegee. Hulle het begin opdroog. Kyk net hoe dit ontvou.

34 Nou ek is nog onder vyftig jaar oud. En ek kan onthou om na die Baptiste kerk toe te gaan en die Metodiste kerke, en hulle

dop te hou in 'n outydse herlewing, wanneer hulle sou skree en die Here prys, en op–en–af in die paadjies sou loop en sondaars sou aanspoor na die altaar. Jy sien dit nêrens meer nie. Hulle het altyd outydse bidure gehad gedurende die tyd van 'n herlewing; en 'n sondaar in die buurt, 'n seun of meisie. En daardie ou mammies en pappies sou so hard bid totdat hulle bekering oor daardie kinders sou bid, en hulle hulle weg sou vind na die altaar, en daar na Christus toe sou kom.

35 Maar jy sien dit nie meer nie. Dit lyk asof dit in die vlak water beland het. Dit lyk net nie of dit so behoort te wees nie.

36 En dan was dit altyd dat omtrent enige van die kerke sou, in die jare gelede wanneer hulle 'n herlewing in een kerk gehad het, al die kerke sou saamwerk. En hulle sou inkom en help, en hulle lidmate oorstuur, en kerke sluit, en 'n herlewing hê. Jy sien dit nie meer nie.

37 Nou wat het net gebeur? En wat gaan jy daaraan doen? Dit vervul net die Woord van die lewende God. En dit wys, twee poste: een van hulle, die uitloop van tyd; en 'n ander een, die Koms van die Here Jesus. Want die Heilige Gees het uitdruklik gespreek en gesê: "In die laaste dae sal die kerke roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God wees; onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos en sonder liefde vir die goeie." So as die Bybel sulke dinge voorspel het wat sou wees, hoe kan ons verwag dat enigiets anders as dit sal gebeur? "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, en die Krag daarvan verloën."

38 Gaan deur hierdie volk vandag, ons volke, en vind die klein handjievol gelowiges wat glo; ek bedoel werklike gelowiges, wat glo dat Jesus Christus regtig lewe. Sien, hulle het die kerk net as 'n afgod. Ons het daardeur gegaan, die laaste paar dae, in ons onderrigting. Ons gooi dit op die Katolieke kerk, hulle afgode, en buig daarvoor soos hulle by die kerk verbygaan. En die Protestante is net so erg, net dat hulle darem nou en dan soontoe gaan. En miskien gaan party van hulle net een keer 'n jaar, en dis by Pase.

39 Ek het 'n prediker gehoor hier nie lank gelede nie, in die stad, wat hierdie opmerking gemaak het. Hy het gesê: "Ek het vir al my mense gesê, op Paasoggend: ''n Geseënde Kersfees.'" Gesê: "Ek sal hulle nie weer sien tot Kersfees of volgende Pase nie. ''n Geseënde Kersfees!'"

40 En soos ons hier staan, en kyk hoe hierdie dinge ontvou, en elkeen van ons sterflinge, en weet dat iets moet gebeur. Dit kan net nie so aangaan nie.

41 Elke persoon het nie tyd om vyf minute te stop nie. Hulle is net aan die stoot en hardloop, en opskud en stoei, deur die straat. Toe die kinders met die hoofweg langs gekom het vanmiddag, ek het gekom . . . Of, middag, was dit. Ek het van New Albany af

gekom. En hier het 'n dame in die pad afgekom, tussen daardie kinders, omtrent . . . in 'n twintig-myl-sone, omtrent sestig of sewentig myl per uur, net so vinnig as wat sy kon jaag. En waarheen gaan sy? Binne 'n paar minute, het ek gesê: "Wat dink jy daarvan?" aan die persoon wat by my was. Hier het nog twee motors gekom wat resies gejaag het, soos renmotors, regdeur daardie kinders. Deur ons laan daar waar ons woon, is dit soos 'n renbaan in die oggend; moet huistoe gaan om die skottelgoed te was, of na Arthur Godfrey te luister, of iets. Waarheen gaan julle? Wat's die probleem? Wat die ding so opgewerk het, is omdat mans en vroue liefhebbers geword het van hierdie teenswoordige wêreld. Die groot ding, behoort te wees, sou wees om huis toe te kom om die Bybel te lees en tyd te hê om te bid.

42 Ek dink aan John Wesley se moeder, Susanne. Sy was 'n moeder van sewentien kinders. En sy het tyd gehad om, ek dink dit was óf twee óf drie uur elke dag in gebed, te spandeer. En het grootgemaak en was moeder van sewentien kinders, wat een van die wêreld se grootste predikers, en een van die grootste liedjieskrywers van die dag, Charles en John, grootgemaak het. Omdat sy tyd gemaak het om God te dien, en nie rondgespeel het in die dinge van die wêreld nie.

43 En wanneer ons ons fondament van ons volk sien, die fondament van ons huis, die fondament van ons kerk, wat sink, broers, wat kan ons dan doen? Dan, wil ek dit sê. O, as ek 'n stem gehad het dat ek dit kon eggo na die wêreld! Ons het 'n soliede fondament oor, en dis God se salige heilige Woord, die Bybel. Want hemele en aarde sal verbygaan, maar God se Woord sal nooit verbygaan nie. "En op hierdie Rots," het God gesê: "sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal nie Daarteen standhou nie."

44 So wat 'n salige voorreg is dit vir ons almal, om oor te reik en God se goeie ou Bybel te neem, en die blaaie om te blaai, en te weet dat ons direkte Waarheid lees. En om te sien dat hierdie tye gebeur het in vergange dae, want dit spreek van 'n historiese God. En die enigste manier waarop ons ooit gaan wees, om hierdie dinge te hanteer, of in lyn sal—sal kom, is om daardie historiese God op te roep, uit die geskiedenis uit. Want deur alle dae, in die verwoestig voor die sonvloed, voor die koms van Christus, en by verskillende gebeure, faal Hy nooit, wanneer 'n beroep op Hom gemaak word nie. Hy's altyd reg.

45 Ek dink nou aan 'n tyd, dat toe 'n volk in ballingskap was. Dit was Israel. En hulle was onder in Egipte en is hard en streng gedryf, om die Egiptenare te dien. Dit het gelyk of almal net koud geword het. Het julle geweet Israel was twee keer so lank in Egipte as wat die Verenigde State 'n volk is? Ons is nie meer as 'n honderd–en–vyftig of -sewentig jaar oud, so iets soos daardie nie. En hulle was vierhonderd–en–twintig jaar in ballingskap, of

onder in Egipte. Maar daar het 'n tyd aangebreek, dat dit gelyk het of alle hoop daarmee heen was.

46 Maar daar was een man en vrou wat blykbaar geloof gehad het in 'n historiese God wat met Abraham gepraat het in die tyd van krisis, en hulle het geglo hulle kon Hom aanroep en Hy sou antwoord. En dit was Ham–. . . Amram en Jogébed, die vrou van Ham–. . . Amram, die moeder en vader van Moses. En soos ek hier, 'n tyd gelede, gepreek het en 'n klein illustrasie gegee het van hoedat Amram huistoe sou kom in die aand, en hy sou sê: "Jogébed, ek's so moeg." En die vars houe op sy rug, van 'n—'n slawedrywer se sweep.

47 En sy sou geduldig gaan sit, miskien, en die—die plekke uitwas, en huil en sê: "O, Amram, is daar nie iets wat gedoen kan word nie?"

48 Ek sou hom hoor sê: "O, skat, as jy saam met my was vandag, en hulle daardie jong seuns sien slaan het, wat daardie swaar vragte probeer sleep. Maar hulle was harteloos. Hulle het hulle behandel asof hulle diere was. En dis ons jong mans van Israel. Is daar nie iets wat gedoen kan word nie?"

49 Dis wat ek nou wonder. Om ons jong tienerseuns te sien, wat die mans en vroue van môre sal wees, ons tieners vandag. Hare onder in hulle nek, en broeke afgetrek oor hulle heupe, met 'n pistool in hulle sy gesteek, 'n sigaret in die hoek van hulle monde. Wat sal dit wees? Dis steeds slawerny onder die duiwel. Is daar nie iets wat gedoen kan word nie?

50 En Amram, miskien een van die enigstes van die volk, sou die klein trappies opklim, ongeag van hoe moeg hy was. Daar, elke aand, sou hy die God van Abraham aanroep, die Een wat hy geleer het na Abraham toe gekom het, en na Job toe gekom het, en na Isak toe gekom het, en na Jakob toe gekom het, in die ure van nood. En, sekerlik, as Hy God was in hulle dag, sou Hy God wees in daardie dag.

51 En as Hy God in Moses se dag was, is Hy God vandag. Hy moet net opgeroep word uit die geskiedenis, en op die toneel van aksie geroep word.

52 En ek kan Amram sien, aand na aand, maak nie saak hoe moeg nie; dit het sy geloof in daardie God bewys.

53 Maar, vandag, die mense, as hulle nie die eerste keer wat hulle bid, alles kry waarvoor hulle vra nie, dink hulle blykbaar Hy's dood. Wat ons nodig het, is mans en vroue, vandag, van 'n dapper gees, mans en vroue wat vasbeslote is om vas te hou, totdat hulle die God, wat regtig leef, tot aksie sien oorgaan, wat nie nee vir 'n antwoord sal aanvaar nie. Hulle is vasbeslote om daarby te bly. As hulle siek is, en die dokter het gesê hulle kan nie gesond word nie, tog sê Iets binne–in hulle vir hulle hulle gaan gesond word. Hou vas, maak nie saak wat gebeur nie! Het jy by die kerke van die denominasionele wêreld aangesluit, nadat jy

al jou krag getap het deur van plek tot plek te loop, en jy kan steeds nie verligting vind nie? Daar is steeds 'n God wat gebed beantwoord en red van sonde.

54 En soos ons kan sien, Amram, op daardie moeë aande, rug wat bloei, wat weer teen die trappe opklim, tot twee of drie-uur in die môre, aan die bid, en lyk asof hy net met die wind praat. Onder in sy Joodse hart het daar 'n geloof gebrand wat geen winde van twyfel ooit kon uitblaas nie.

55 Dis die soort mans en vroue wat ons nodig het om op die toneel te verskyn vandag. As Hy nie vanaand antwoord nie, sal Hy môre-aand. As Hy nie hierdie jaar antwoord nie, sal Hy volgende jaar. Want, Hy's 'n God; nie *'n* god nie, maar *die* God.

56 En ons sien hom, aand na aand, soos Amram die trappe uitgeklim het. En Jogébed sou opkom na hom en sê: "Amram, skat, jy was heelnag hierbo aan die bid. Waarom sê jy nie net vir party van die kêrels waar jy werk, en laat hulle 'n rukkie bid nie?"

57 "Wel, skat, wat as hulle dit nie doen nie? Iemand moet dit doen. Iemand moet deurbid."

58 Dis hoe elke Christen behoort te voel vanaand; nie vir iemand anders wag nie, maar neem die voorste in, self, en gaan deur. As ons glo die Bybel is 'n geskiedenis, dis ook 'n profetiese Boek, wat vertel dat daardie selfde God in die laaste dae sal opstaan. En dis tyd vir Hom om op die toneel te verskyn.

59 Dis wat Amram geweet het. Dat Moses geprofeteer het. . . Of, nie Moses nie. Verskoon my. Abraham is 'n belofte gegee deur hierdie God van geskiedenis, Wat in vierhonderd jaar nie 'n gebed beantwoord het, sover ons 'n rekord het nie. Maar Hy het 'n belofte gemaak dat Hy hulle sou uitbring.

60 En, skynbaar, het ons 'n stil God gehad vir 'n lang tyd, maar die uur het gekom waar Hy op die toneel gaan verskyn.

61 Een aand toe Amram gebid het, miskien, vir verskeie jare. En sy hare het nou grys geword, en geen verlossing nie, maar word net erger. Een aand het hy baie ernstig geword. Dis hoe ons moet maak; baie ernstig raak. Hy het gesê: "God, U het hierdie belowe. En ons het uitgesien daarna. En ons sien die tekens almal hier, en die tyd is op hande. Dis tyd vir U om iets daaraan te doen."

62 Terwyl hy in diep gekonsentreerde gebed was, met sy hele hart gebid het, het hy gekyk, en in die hoek het gestaan. Hy het sy oë gevryf en weer gekyk. Daar het 'n Engel gestaan met 'n ontblote swaard. Hy het gesê: "Velossing kom. En jy gaan 'n seun in die wêreld bring, en hy gaan die een wees om hulle te verlos." Sien?

63 God antwoord altyd gebed. Doen Hy dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] As ons net vashou!

64 Moses, toe hy die kinders van Israel gelei het, getrou, in die woestyn in, en hy by die Skelfsee gekom het. En die berge aan een kant, en die woestyne aan die ander, en Farao se leër in *hierdie* rigting, en die Skelfsee voor hulle. En hulle was in 'n klein nekkie vasgekeer. Gelyk asof selfs die natuur sou uitroep. Wat gaan gebeur? Hulle is gedaan. Farao se leër, by die tiene van duisende, om hulle plat te ry.

65 Maar wat het die mense gedoen? Het begin murmureer en kla. "O, dit sou beter gewees het as ons in ons plek gebly het waar ons was."

66 Maar daar was een onder daardie mense, wat die vlam van God se geloof brandende in sy hart gehad het, wat geglo het dat die geskiedkundige God op die toneel kon verskyn in enige soort nood. Moses het met sy hande omhoog gestaan na God, totdat 'n God van die geskiedenis op die toneel gekom het om 'n God in die teenswoordige dag te wees. En Hy het die pad oopgemaak, en Israel het deur die waters gegaan, op droë grond.

67 O, dit was nie lank daarna nie, dat Josua daardie selfde groep gelei het, of hulle kinders, tot by die Jordaan. En dit was in April, wanneer al die strome swel, en die Jordaan vyf keer sy grootte was. Lyk asof enige goeie militêre leier hulle op 'n ander tyd as dit, soontoe sou gebring het. En dit was daardie einste tyd, wanneer daar nie 'n moontlikheid was om dit oor te steek nie. Maar Josua het onthou daar was 'n God van die geskiedenis, veertig jaar tevore, wat die Skelfsee oopgemaak het, en hy het daardie God aangeroep. En daardie God het afgekom met groot krag, en 'n God van die huidige krisis geword, en die Jordaan oopgemaak en hulle oorgeneem.

68 Dit was baie jare later, toe ons teksvoorlesing, vanaand, ons onderwerpvoorlesing, toe Elisa die vloek van daardie volk gesien het, en bo–op die berg was, en vir honderde jare is daar geen gebed beantwoord in Israel nie. Tog, het Elisa geweet daar was 'n God van die geskiedenis wat op die toneel kon verskyn. En hy het die ongelowige wêreld uitgedaag om in die teenwoordigheid van hierdie God te staan en te kyk watter een met vuur sou antwoord. En die God wat die Hebreeuse kinders kon beskerm van die vuuroond, het vuur afgebring en die offer verteer.

69 Dit was ook nie lank daarna nie, dat, toe 'n man, genaamd Lásarus, gesterf het. En daar was 'n God wat steeds geleef het, wat vir Hénog Huistoe kon neem sonder om selfs die dood te sien, en Elía kon opneem op 'n vuurwa. En Hy is op die toneel geroep, in die donker uur van die dood, en Hy het net so opgetree as wat Hy op enige tyd sou. Tog, Hy was 'n God van die geskiedenis, maar is opgehef uit die geskiedenis vir 'n huidige krisis.

70 Dit was onder by die poorte van Jérigo, waar 'n blinde man langs die pad gesit en huil het. Daar was geen hoop nie. Geen dokters kon hom help nie. Sy geld was op. Daar was niks oor vir

hom, behalwe om daar te sit en droom vir 'n paar dae, totdat die dood 'n soete uitkoms sou wees nie. En eendag, met die padlangs, het 'n God van geskiedenis op die toneel verskyn, in 'n huidige krisis. God het die oë van die blinde geopen.

71 Dit was in Jaïrus se huis, waar die dokters gefaal het, en die klein dogtertjie weggewys het om—om te sterf. En die dood het ingekom en sy bitter tol geëis, en die enigste kind geneem, die huis, die klein dogtertjie van twaalf, en haar uitgestrek op 'n bank. Toe 'n klein predikertjie met 'n gebroke hart, sy denominasie moes verlaat en al sy vriende, maar hy het onthou daar is 'n God van die geskiedenis wat die dooies kon opwek. En hy het gegaan om Hom te vind.

72 "Soek, en jy sal vind; klop en dit sal vir jou oopgemaak word; vra en dit sal vir jou gegee word." Hy's steeds dieselfde God.

73 Toe hierdie God, wat in 'n liggaam gewoon het, genaamd Jesus, die Seun van God, toe Hy op die toneel geroep is, opgeroep is uit die geskiedenis, die God wat die dooies kon oprig in die Ou Testament, lewe kon terugbring na 'n babatjie deur 'n profeet. Daardie God kan nie sterf nie. Hy is God vir Ewigheid.

74 Daardie babatjie wat daar op die bed uitgestrek gelê het. En klein Jaïrus wat geweet het die Sunnamiet het haar babatjie teruggekry, het hy gesê: "Daardie God van die geskiedenis, as Hy ooit weer tot aksie geroep kan word, Hy's dieselfde God vandag." En met die soeke, het hy gehoor van 'n Man—Man wat aanspraak gemaak het om die krag te hê, en dit was Jesus van Násaret, vir Wie hulle almal gehaat het. Maar hy het Hom op die toneel geroep, want hy was die naaste verteenwoordiger van God wat hy kon vind in daardie dag, 'n God van die lewende God. En toe Hy op die toneel geroep is, en die geskiedkundige God opgeroep was, het Hy op dieselfde manier opgetree as wat Hy het toe Hy met Elía gepraat het oor daardie dooie babatjie.

75 Laat my nog sê vandag, my broer, suster, in hierdie teenswoordige dag wanneer krisis, en wanneer kanker die wêreld opvreet, en siektes van alle soorte; dieselfde historiese God wat die melaatse gereinig het, die siekes genees het, en die dooies opgerig het, is dieselfde God vandag. Hy was angstig vir Sy mense om Hom op die toneel van aksie te roep.

76 Die Een wat 'n hoer sewe keer in een dag kon vergewe, vir owerspel pleeg; Hy Wat die vuilste sondaar kon reinig en hulle skoon soos 'n lelie maak; daardie selfde God van die geskiedenis lewe vandag, om elke swart hart te reinig van sonde en ongeloof.

77 Daar was eendag 'n man wat 'n seun gehad het met epilepsie, en hy het hom na die kerk toe geneem, en die dissipels het gedans en geskree om hom, vir 'n tydjie, en kon glad nie help nie. Maar daar was steeds 'n God van die geskiedenis wat geleef het. Hy was vasbeslote om Hom te vind. Hom van die berg af sien kom, het

hy na Hom toe gehardloop, en gesê: "Here, wees my genadig. 'n Duiwel het my kind geneem, en hy kwyn weg en val in die vuur."

78 Jesus het gesê: "Ek kan, as jy glo." As jy wat glo? As jy glo dat die God van die geskiedenis steeds lewe vandag. En Hy is op die toneel geroep, en die epilepsie het die kind verlaat.

79 Daardie selfde God leef vandag; wanneer die kerke gefaal het, wanneer politiek gefaal het, wanneer alles anders gefaal het, en die mens gefaal het, en alles gefaal het. God kan nie faal nie. Hy's 'n God van hierdie ou, Swart-rug-Bybel. Sy belofte is net so waar as wat Hulle altyd was. En dis tyd dat Sy mense Hom aanroep, Hom ophef uit die geskiedenis. Want daar staan geskrywe: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hy's 'n historiese God, en Hy's 'n teenswoordige tyd God.

80 "En in die laaste dae," het Hy gesê: "sal Ek My Gees op alle vlees uitstort, en vir hulle wat glo sal tekens en wonders volg; want in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle sal met nuwe tale praat; as hulle slange optel, op iets dodeliks drink, sal dit hulle nie skade doen nie; en as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

81 Dit was 'n historiese God wat die belofte gegee het, en ons is vandag die mense van Sy weide. Ons is die skape van Sy kudde, en Hy wag vir ons om te staan en Hom tot aksie te roep. Hom op die toneel roep. Kyk hoe Hy in beweging kom. Kyk hoe Hy die uitermatige doen. Kyk hoe Hy die ding doen wat die mens sal laat wonder, en hulle koppe krap, en dit nie verstaan nie. Hy's 'n historiese God, en 'n teenswoordige dag God. Hy wag om uit die geskiedenis uit opgeroep te word.

82 Laat ons nie na Hom kyk nie; wat help 'n historiese God ons as Hy net 'n historiese God is? Wat sou 'n historiese God vir Amram en Jogébed gehelp het? Wat sou 'n historiese God vir Moses gehelp het? Wat sou 'n historiese God vir Lásarus gehelp het? Wat sou 'n historiese (gehelp) God gehelp het vir blinde Bartímeüs by die poort? En wat sou 'n historiese God gehelp het vir jou, vanaand, as Hy nie dieselfde is vandag nie?

83 Hy is dieselfde vandag. Hy vergewe al ons sondes, en genees al ons siektes. Die historiese God, opgeroep uit die geskiedenis, sal Hy skyn in hierdie Ligdag. Wat? Wanneer tyd eindig, wanneer politiek eindig, wanneer die lewe eindig, wanneer alles tot 'n einde kom, kom Jesus na die Lig. Wanneer alles verdoem is, skyn Hy steeds: "die Lelie van die Dale, die Blink en Môrester."

84 Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Roep net na 'n historiese God, en kyk hoe Hy 'n huidige God word, opgehef uit die geskiedenis, om te skyn net soos Hy toe het. Hy sal dieselfde optree. Hy sal dieselfde doen. Hy sal dieselfde vergewe. Hy sal dieselfde genees. Sy barmhartigheid is dieselfde. Sy gewilligheid is dieselfde. En Sy Krag is dieselfde. Hy's dieselfde. Hy wag vir ons . . .

85 Jy kan Hom nie met jou lippe roep nie. Hy kom nie deur lippediens nie. Hy kom deur geloof. Wanneer jou geloof; nie jou lang gebed, jou uitbrand nie.

86 Maar Hy kom deur daardie klein, dowwe geloof wat ver onder in jou siel is, wat 'n houvas kan kry en sê: "Daardie klein dingetjie wat was, dit het my na hierdie tabernakel toe gebring vanaand, kan my siel weer aansteek, kan my van hieraf wegstuur, aan die brand en aan die sing, net soos die voëls in die lug." Waarom? Hy's 'n historiese God en 'n teenswoordige dag God. Hy wag om aangeroep te word. Roep die Here aan. Hy sal jou hoor. Praat met Hom, in psalm. Bid tot Hom en glo Hom. Hy sal antwoord.

87 En hierdie woorde sê ek ter afsluiting. Dis die rede vir hierdie diens, vanaand. Dis die rede waarom hierdie diens begin het. Ek glo dat die God wat vir my gesê het, sewe–en–twintig jaar gelede, toe ons hierdie fondamentsteen ingesit het oorkant, dat ek die Evangelie oor die wêreld sou preek. Hy het dit laat gebeur. Toe hulle gelag en gesê het: "Waarheen gaan jy, Billy, met jou graad-sewe-geleerdheid?"

Ek het gesê: "Ek gaan in die Naam van die Here Jesus."

88 Toe ek my preek gelewer het voor my vertrek, elf jaar gelede, oor hierdie preekstoel, en Mev. Gertie wat daar sit, daardie, *Glo Net*, gesing het. En die groot reus het oorkant gestaan, soos waaroor ek gepreek het, Dawid en Goliat. Daar was die wetenskap en die groot bekende wêreld, om Goddelike genesing te veroordeel en dit tot 'n skande te maak. En almal wat vir my gesê het: "Seun, jy sal ten gronde gaan daarbuite. Hulle sal jou in die tronk gooi. Hulle sal *dit, dat* of die *ander* doen. Maar die God van die geskiedenis het oorkant op die toneel verskyn, en vir my gesê om dit te doen. En ek het dit gedoen deur Sy genade en Sy barmhartigheid. Daardie selfde God wat geskiedkundig was, van tien jaar gelede, het weer op die toneel verskyn. Net so seker as wat Hy daardie laat gebeur het, sál Hy hierdie laat gebeur. Hy's die God van die geskiedenis, en Hy's God van die teenswoordige dag. Hy sluimer of slaap nooit nie. Hy kan nie sterf nie, want Hy het geen begin of geen einde nie.

89 In jou geval, vanaand, sondaarvriend, daardie klein kriewelrige gevoel om jou hart, wat vir jou sê dat Hy dieselfde is, wat vir jou sê dat Hy jou kan vrymaak van elke las en elke misdaad, en elke sonde wat jy teen Hom gedoen het.

90 Waarop kan jy jou hoop vestig? Nie eers in jou eie huis nie, nie in jou eie vrou nie, nie in jou familie, moeder of vader nie.

My hoop is gevestig of niks meer
As Jesus se Bloed en geregtigheid;
Wanneer alles om my siel meegee,

Dan is Hy my hele hoop en vastigheid.
Op Christus die vaste Rots, staan ons;
Alle ander grond is dryfsand.

91 Kerk, vriend, wat dit ook al is, hulle kom almal tot 'n einde. Maar Hy lewe vir altyd. En omdat Hy lewe, lewe ons saam met Hom.

92 Wat sou jy in ruil gee? Wat sou jy kon gee? Wat as God jou vanaand sou roep om antwoord te gee by die Oordeel? Wat sou jy daaraan doen? Jou hoop plaas in die volk? Dis aan die breek, soos al die ander. Jou hoop plaas in sekere verkiesings wat kom? Daardie mans, ek het niks teen hulle nie, maar hulle is sterflik en gaan vertrek. Jy kan jou hoop op hoegenaamd niks vestig, wat gaan hou, behalwe die God van die geskiedenis Wat belowe het Hy sou opstaan nie. En een of ander salige dag . . .

93 Hulle mag jou oorkant toe neem en die grond op jou gooi, die ondernemer, maar die Opnemer sal een van hierdie dae verbykom. Die ondernemer sal jou ondertoe neem, maar die Opnemer sal jou boontoe neem net so seker. "Want hulle wat ontslaap het in Christus, sal God saam met Hom bring wanneer Hy kom." Want Hy is nou 'n God van geskiedenis, vir baie, maar Hy sal 'n God van die teenswoordige dag wees wanneer jy Hom aanvaar as jou Verlosser en Hom 'n werlikheid vir jou hart bevind. Daar sal Iets in jou wees wat vir jou sal sê. Jy mag nie emosioneel wees nie. Jy mag nie huil nie. Jy mag nie in tale praat nie. Jy mag nie hardloop nie. Jy mag nie skree nie. Maar iets sal gebeur, wat jy sal weet, wat jy sal weet dat iets gebeur het. Jou lewe sal reg daarmee ooreenstem, solank jy lewe. En wanneer die laaste uur kom en jy hierdie wêreld verlaat, sal jy geen onheil vrees nie. "Want U is met my. U stok en U staf, dié vertroos my." Wanneer die dokter jou weggewys het, en weggestap het, en die koue are kom op.

94 Soos Mnr. Vauder nou die aand, ons bekende oudburgemeester hier van die stad, gegaan om Mnr. Nixon te hoor praat, reg op die toneel gesterf. Goeie gesonde man, sover ek weet.

95 Ek sal van die huis af weggaan, terugkom, my vrou sal gesê: "Billy, het jy geweet *So–en–so* is dood?"

96 Nou die dag, het my dogtertjie hierbo in die skool gesit, saam met 'n dogtertjie, Donderdag, en Sondag het hulle haar begrawe. Longontsteking gekry. Dit het na haar hart toe gegaan of iets, en (sy) het haar doodgemaak. Sy was dood.

97 En 'n vriend van my, Mev. Williams hier oorkant, Buck William se vrou, ek het hom vir jare geken. Zella Brakeman hier, sy's hier in die gebou iewers, dis haar suster, wat net hier langsaan gewoon het, vir jare, toe ons oorkant die straat gewoon het. Weggegaan; sy was 'n bietjie senuweeagtig, maar sy was weg toe ek teruggekom het.

98 Sien wat dit is? Een of ander tyd, dis, gaan jy dit trotseer. En al die geld wat jy kan versamel, al die vriende wat jy kan versamel. . . Dis alles goed. Maar, dit alles, laat dit ondergeskik wees. Glo 'n God van die geskiedenis, dat Hy 'n teenswoordige dag God is, net dieselfde, kyk wat Hy vir jou sal doen.

99 Vir julle wat siek en behoeftig is, die dokter het jou weggewys en kan nie meer vir jou doen nie. Onthou, die God van die geskiedenis is dieselfde God vandag.

Laat ons nou net 'n oomblik bid, soos ons ons hoof buig.

100 As daar diegene hierbinne is vanaand. . . Ek weet nie. As daar diegene hierbinne is, vanaand, wat weet vir die verlossing van jou siel, dat as daardie God wat belowe het dat Hy binne 'n oomblik sou kom, in 'n oogwink, wanneer jy dit nie dink nie. As jy sonder Hom is, jy net verbeel jy het Hom, onthou: "Daar is 'n weg wat reg lyk, maar die einde daarvan is die weg van die dood." As jy nie seker is dat—dat jy gered is, vanaand, en as Hy sou kom, jy saam met Hom sou gaan nie, sal jy net soveel doen as om jou hand op te steek na Hom, en deur dit te doen, sê—sê: "Wees my genadig, God." Dankie. God seën julle. Baie hande het opgegaan. Sou daar nog een wees voor ons afsluit? Sou jy. . . en die gebed doen. God seën jou, jong vrou. Moet net nie nou skaam wees nie. Sekerlik.

101 Wat help dit om 'n God van die geskiedenis te verkondig, as Hy nie dieselfde is vandag nie? En, broer, suster, ek sê dit. Ek het eenmaal gelees van 'n God van die geskiedenis. Ek het van Hom gelees in boeke. Ek het van Hom gelees in die Bybel. Maar eendag het ek Hom ontmoet. Ek het Hom ontmoet. Hy het na my toe gekom. Hy het vir my gesê om nie te drink, nie te rook en—en myself te besoedel nie, en dat Hy iets gehad het vir my om te doen wanneer ek 'n bietjie ouer geword het. Ek was net 'n klein seuntjie. Hy—Hy het dit bewys. Hy het dit gedoen. Hier hang Sy foto net hier nou, wat die wetenskap geneem het. Sien? Die wêreld weet dit. Hy het dit onder julle bewys. Hy ken elke gedagte in julle hart. Hy het Homself bewys. Hy's dieselfde God vandag. Hy's nie 'n God van die geskiedenis nie.

102 Moenie net wees. . . die wêreld jou laat afsmokkel met die gemors en goed van die wêreld nie. Glo Hom reg. . . [Leë kol op band—Red.] Sal jy jou hand opsteek? Party wat nie het nie, sal jy jou hand opsteek, sê: "God, ek's nie seker daarvan nie, maar ek wil seker wees. Laat my. . . "

103 God seën jou, jong man. Iemand? En God seën jou, daaragter, suster. God seën jou, broer. Iemand anders? God seën jou, suster. God seën jou, daar oorkant, broer. Dis reg.

104 Jy sê: "Broer Bill, sal dit enigiets vir my beteken, om my hand op te hou?" Hou jy jou hand op, eenkeer, en vind uit. Altyd, broer, suster, wanneer jy enigiets reg doen, voel jy goed daaroor.

105 Wees eerlik. Nou, moenie vir God lieg nie. Jy lieg nie vir God nie. Hy weet. Jy lieg vir jouself. Julle weet, 'n leuen is so 'n verskriklike ding, totdat hulle jou selfs in die federale hof kan neem en kriminele howe, en—en 'n leuenverklikker op jou arm plaas, en jy kan jou bes probeer om die ding te vertel, dit soos die waarheid laat klink, maar jou senuwees sal bewys jy vertel 'n leuen. Waarom? Jy is nie gemaak om te lieg nie. En as 'n leuenverklikker weet, wat van God?

106 Jy sê: "Maar, broer, ek's 'n Baptis. Ek's Presbiteriaans. Ek's Metodis." Dis goed.

107 Ek vra jou een ding. Het jy ooit hierdie God van die geskiedenis ontmoet? Het Hy in die brandende bos voor jou gestaan, en jy het geweet? En Hy het teruggepraat met jou siel, en jy weet jou sondes is weg? As dit nie so is nie, moet jy nie 'n kans vat om net by die kerk aan te sluit, of daar op te gaan en 'n bietjie goed te voel daaroor nie. Jy moet Hom ken. Nie om van Hom te hoor nie, nie om Sy seëninge te hê, is Lewe nie. Maar, om Hom te ken, is Lewe; om Hom te ken, Hom persoonlik te ken; *Hom*, persoonlike voornaamwoord, Hom te ken. Nie Sy Boek te ken nie, nie 'n goeie student te wees nie, nie 'n goeie lidmaat te wees, of 'n goeie man of 'n goeie vrou nie. Dit doen dit nie; die wet het dit gedoen. Maar, om Hom te ken! Het jy Hom ontmoet? Het daardie God, wat met Moses gepraat het in die brandende bos, voor jou verskyn? Het jy Hom met jou hoor praat, totdat jy geweet het dit was Hy? As Hy nie het nie, steek net jou hand op, sê: "God, praat nou met my. Is dit U wat om my hart fladder? Ek—ek wil U ken."

108 God seën jou, jong dame. God seën jou, daaragter. Dis goed. Dis reg. Iemand wat nie het nie. Dis reg. God seën jou, suster. God seën jou, jong dame, hier. Dis goed. God seën jou, dametjie hier oorkant.

109 Nou baie sag, met julle hoofde gebuig, dit saggies neurie.

Een goue dagbreek, sal Jesus kom;
Een goue dagbreek, elke stryd gewen,
Ons sal die oorwinning uitroep, die hemele deurklief,
Een goue dagbreek, vir my, vir jou.

110 [Broer Branham begin neurie *Een Goue Dagbreek*—Red.] Nou, julle wat julle hande opgesteek het, as julle so my gebed vir julle verlang en glo dat God my sal verhoor, julle hier wil opstap na die altaar, my hier laat staan en saam met julle bid, 'n bietjie. Altaar is oop. God seën jou, broer. Dis reg. God seën julle, mans. God seën jou, suster. Staan net op en kom nader. As jy glo God sal help, en gebed verhoor, vir my om jou te help om deur te kom na Hom, om Hom te ken, stap nou reguit nader. Sal julle nie?

Een goue dagbreek, Jesus . . .

111 Hoe weet ons dit gaan nie in die oggend wees nie? "Stryd . . ." Daardie stryd wat jy net nou stry, sal jy nie toelaat dat dit net nou gewen sal word, dan nie? Laat dit net nou gewen word, sodat jy die oorwinning kan uitroep.

Een goue dagbreek, vir my, vir jou.
Een goue dagbreek, Jesus . . .

112 Staan net reguit op, dis reg, en kom sommer reguit nader, rondom.

. . . elke stryd gewen,
Ons sal die oorwinning uitroep, die hemele deurklief,
Een goue dag . . .

113 Sal julle nie nou kom terwyl ons wag nie? Ons sal jou hier help, in gebed. Die gebed van geloof doen baie vir ons. Sal julle nie kom nie? Ek oortuig julle om te kom, die God van die teenswoordige tyd te aanvaar. Nie net 'n—'n god, wat jy 'n kerk toe gaan en sê: "Wel, ek het by die kerk aangesluit," nie. Daardie god sal nie werk nie. 'n Metodiste god, 'n Baptiste god, 'n Presbiteriaanse god, 'n Pinkstergod, hulle sal nie werk nie. Kry die God van hierdie Bybel. 'n Pinkstergod sal uitgaan in die wêreld; 'n Metodiste god, of 'n Baptiste god, of enige ander denominasionele god. Maar die God van hierdie Bybel, sal jou soos Jesus maak. Hy sal beslis. Sy Gees sal in jou woon, en jou hele lewe sal verander word; daardie humeur, daardie haat, daardie onversoenlike gees, daardie ding wat jou siel sal verkanker in 'n verlore Ewigheid.

114 Ek swaai nou net 'n net uit. Dit hang van julle af. Volg dit in, sal julle nie? Beweeg reguit uit, om die altaar hier. Baie van julle het julle hande opgesteek daar. Die mense sal julle laat naderkom, om hulle sitplekke. Die Here seën jou, jong man.

115 Nou terwyl sy die musiek saggies speel, staan hier verskeie rondom die altaar. Sewe siele wat vorentoe gekom het om rondom die altaar te staan. Het julle geweet sewe is die volmaakte getal vir God, volmaaktheid? Die Heilige Gees het pas op 'n persoon neergedaal wat hier staan, nou net. Dis wat ek die Heilige Gees noem, broer.

116 Hy is nou hier, vir elkeen van julle. Wees net nederig in julle harte. Wat as hierdie die laaste keer was wat julle ooit rondom 'n altaar gestaan het, hierdie die laaste gebed was wat julle ooit sou sê, net nou? Jesus gaan kom. Hy mag aan jou deur klop voor die oggend, jy weet. Jy moet gaan, eendag, as Hy 'n God van alles is. Hy's 'n God van die geskiedenis, en Hy's 'n God van vandag.

117 Hy het met jou gepraat. Jy het hier opgestaan voor Hom, om Hom te ontmoet. Jy het vorentoe gekom om Hom te ontmoet. Hy sal jou ontmoet. Hy staan nou net hier. Bely net, in jou hart, alles wat jy verkeerd gedoen is. Sê: "God wees my genadig, 'n sondaar. Ek het verkeerd gedoen en ek—ek bely nou, met my hele hart,

dat ek verkeerd is. Ek wil hê U moet my genadig wees en my van my sondes vergewe. Ek—ek sal U dien al die res van my dae. En laat hierdie klein vuurtjie wat in my hart brand, klein gelofie, wat my hier laat opkom het na hierdie altaar, vanaand, laat dit net baie diep in my siel vashaak. Laat dit nou net hier vashaak. En iets uitbrand, wat my net sê: 'Ja, U leef, Jesus.' En ek het U lief. En ek gaan binne die volgende paar uur vir U op die toneel sien dinge doen, groot dinge. Ek's so bly dat ek vorentoe gekom het, toe U met my hart gepraat het. Ek gaan sien hoe U kankers mense laat verlaat, die siekes en die behoeftiges genees. Hoor hulle terugkeer, met getuienis wat God vir hulle gedoen het; die God van die geskiedenis, Wat opgestaan het uit die geskiedenis, en dieselfde is vandag, op die toneel verskyn. Want, Hy kom hierdie keer om te bly; Sy tweede Koms."

Laat ons nou bid. Bid julle saam met my, elkeen van julle.

118 Dierbare God, ek bring hierdie sewe voor U net nou. Die eerste aand het sewe dwalende sterre voortgebring. U het gesê, in U kosbare Woord: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie. En hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie, maar sal die Ewige Lewe gee, en hom in die laaste dag oprig." Here, dis U belofte. En deur 'n emosie, 'n daad van oortuiging, het hierdie sewe kosbare dwalende siele vorentoe getree vanaand, omdat hulle glo dat die God wat met die profete gepraat het, die God wat met die blinde man gepraat het, Hy steeds vandag lewe. En hulle het vorentoe getree om Hom te ontmoet.

119 Daardie selfde God wat die belofte gemaak het, en die melaatse op sy eie gronde ontmoet het, wat die vrou met die bloedvloeiing op die rivieroewer ontmoet het, wat die dood by die graf van Lásarus ontmoet het en hom omgedraai het, is dieselfde God vanaand, Wat hier staan om hierdie geestelike dood te ontmoet en hom om te draai. En sê: "Haal jou hande af van diegene wat gekom het om My te bely na die roep van My Gees. Ek sal vir hulle die Ewige Lewe gee, en geen mens sal hulle van My kan wegneem nie. Ek sal hulle oprig in die laaste dag."

120 Ons dank U vir hulle, Vader. En ons bid dat hulle getrou sal bly in U hande, totdat die dood hulle sal vrystel. Wanneer hulle in die vreugdes van die Here sal ingaan, op daardie groot dag, wanneer die Bruilofsmaal oor die hemele uitgespei word, dat wanneer die Koning uitkom en sê: "Onthou jy die eerste dag van Oktober, 1958, by die klein sementtabernakeltjie? Jy het opgestap en My as jou Verlosser aanvaar. Ek het met jou gepraat. Jy was toe 'n sondaar, maar nou het Ek jou gered. En nou is jy Myne, en jy het Ewige Lewe. Gaan nou in die vreugdes in wat Ek vir jou voorberei het, vanaf die grondlegging van die wêreld." Skenk dit, Here. Hulle is nou U s'n. Ons vertrou hulle toe aan U, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Nou met julle hoofde gebuig, die gehoor.

121 Ek gaan elkeen van julle hier by die altaar vra. Voel julle, onder in julle hart nou, uit die diepste van julle siel, dat die klein vlammetjie van geloof wat vir julle gesê het om vorentoe te kom na die altaar toe hier, om hierdie daad te doen wat julle gedoen het, nadat julle julle hande opgesteek en vorentoe gestap het, voel julle dat daardie klein vlammetjie begin brand het na 'n ware lewende geloof in julle hart? En julle glo nou dat Jesus julle sondes vergewe het, en julle gaan Syne wees van nou af? As julle so voel, sal julle julle regterhand opsteek na Hom? Diegene om die altaar, steek jou regterhand op, as jy voel dat Jesus al jou sondes vergewe het. Diegene om . . . Nou, daar's twee, drie hande, nie op nie. Nou hou net aan bid, elkeen.

Om Hom Op Te Hef Uit Die Geskiedenis AFR58-1001
(Lifting Him Up Out Of History)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 1 Oktober 1958, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org